Publication: Standard (Worcester)
Date: 09 Jun 2016
Page: 3

Nuwe moontlikhede vir blindes

'n Toonaangewende opleidingsentrum is dié week in Worcester bekendgestel en kan dalk die weg baan vir nog sentrums waar siggestremdes vir die tegnologies veeleisende arbeidsmark opgelei word.

Hein Wagner gesels ná die bekendstelling met die media terwyl belangstellendes die tegnologie toets (foto regs).
FOTO'S: ELANA VAN DER WATT

Gaste van Kaleidoskoop het Maandag 6 Junie kennis gemaak met die Apple-tegnologieopleidingsentrum. Dit is volgens Kaleidoskoop, sover bekend, die eerste in sy soort in die wêreld en maak die heel nuutste inligtingstegnologie, onder meer raakskerm-tegnologie, toeganklik vir blindes.

Kaleidoskoop het so ook die eerste organisasie in Afrika geword om dié opleidingsdiens vir siggestremdes te kan bied.

Volgens Freddie Botha, uitvoerende hoof van Kaleidoskoop, is die sentrum in die eerste plek daarop gemik om mense wat hul sig verloor het, op te lei (of weer op te lei), vir die werkplek. "As jy in ag neem dat 97% van siggestremde mense werkloos is, is daar 'n enorme behoefte onder blinde en swaksiende mense in Suid-Afrika om opgelei te word in bekostigbare, toeganklike moderne tegnologie om hul aanstelbaarheid te verhoog," sê Botha.

Die sentrum was die droom van Hein Wagner, bekende oudleerder van die Pionierskool en handelsnaam-ambassadeur vir Kaleidoskoop. Wagner het tydens die bekendstelling verduidelik dat Apple die aangepaste tegnologie wat blindes voorheen teen feitlik onbekostigbare pryse moes aanskaf, in sy toestelle inbou of spotgoedkoop in sy app-winkel beskikbaar stel.

"Sedert ek drie jaar gelede na die Apple-produkreeks oorbeweeg het, het ek nog nooit teruggekyk nie," sê Wagner. "Al Apple se toerusting . . . is ten volle toeganklik vir siggestremdes, reguit uit die boks."

Die sentrum sluit iPhones, iPads, MacBook Airs, Mac Minis en tegnologie vir visuele voorleggings in. Studente sal opgelei word in tegnologie en programme vir sake- en persoonlike gebruik.

Die sentrum, wat moontlik gemaak is deur 'n belegging van R3 miljoen deur Absa, 'n skenking deur Blinden Stichting voor Zuid Afrika en die ondersteuning van Apple, is ontwerp om blind-vriendelik te wees. Die uitleg is logies en die vloer uitgelê met taktiele merkers om blindes te help om hul rigting te vind.

Die opleidingsbeampte, Philip Crous, is ook blind omdat Kaleidoskoop glo slegs iemand wat self blind is, optimale opleiding kan gee aan iemand wat glad nie kan sien nie.

Afgesien van opleiding verskaf, sal Kaleidoskoop met die sakesektor skakel oor die plasing van siggestremdes in werksplekke, en deurlopende ondersteuning bied aan werkgewers en werknemers.

Albert Fritz, Wes-Kaapse minister van maatskaplike ontwikkeling, het by die bekendstelling gesê regeringsinstellings sal Kaleidoskoop se voorbeeld moet volg omdat innoverende inisiatiewe soos dié die regering onder 'n verpligting plaas om geld te vind vir soortgelyke sentrums in die provinsie en Suid-Afrika.

Kaleidoskoop se mikpunt is om in die eerste jaar 400 mense op te lei.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission